Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

GR R OB 5 /2019

Liewe Gr R Ouers,

Ons hoop al ons maatjies is nog gelukkig en geniet ons skooltjie.

Ons juffrouens sukkel net om vir die maatjies te leer om ons speelgoed mooi op te pas. Ons moet daagliks speelgoed regmaak, vervang en selfs weggooi. Help asseblief om tuis met u kind te gesels oor hierdie aspek.

**Tema vir die week:**

Dae van die week (11 – 15 Februarie 2019)

- Ek ontdek meer oor dag en nag / lig en donker.
- Name van die dae van die week.
- Ek ontdek meer oor oggend, middag en aand.
- Gister, vandag en môre.
- Hoe weet ons hoe laat dit is?

**Huistaal:**

- Klank: "e"
- Sigwoord: hy/sy
- Tong – en oogoefeninge
- Aanvangsklanke

**Wiskunde:**

- Tel voorwerpe
- Posisie, oriëntasie en aangesigte
- Simmetrie: middellyn
- 3-D voorwerpe

**Versie**:

Maandag tot Vrydag moet ek skool toe gaan,
Teken en skryf en in rye staan.
Vrydag voel ek sommer bly,
Want ek weet die naweek wag vir my.
Saterdag en Sondag kan ek die heeldag speel.
Maar sonder my maatjies raak ek gou verveeld.

**Liggaamsopvoeding:**

- Ruimtelike oriëntasie
- Ontwykingspeletjie
- Beweging
- Hand-oog koördinasie
- Balans

**Uitvoerende kuns:**

- Slagwerk met instrumente

**KOPLUISE:**
Liewe ouers; hierdie jaar is dit 'n groot probleem. Ons stuur gereeld briefies uit, maar dit verbeter nie. Help ons groot asseblief in hierdie verband.

**Donderdag 14de Februarie:**

- Trek rooi en wit aan vir Valentynsdag (Liefie-dag)

**Vrydag:**

- Swemklere /Snoepie – geldjie
- Foto's kan nog betaal word tot einde Februarie.
- Onthou Instappie gelde R35.

Geniet die week!

Malanne maatjie Groete
Gr R Opvoeders